

KONSTITUSIE: 2020

TAFELBERG FOTOGRAFIEKLUB

NAAM VAN DIE KLUB

Die amptelike naam van die klub is: **TAFELBERG FOTOGRAFIEKLUB**

Die verkorte naam van die klub is: **TAFKLUB**

Die naam van die klub kan, waar nodig, in Engels as **TAFELBERG PHOTOGRAPHIC CLUB** gebruik word.

HOOFSTUK EEN : INLEIDEND

Artikel 1. Woordbepaling

- 1.1 '**algemene jaarvergadering**' – die algemene vergadering van die Tafelberg Fotografieklub wat jaarliks gehou word en waar spesifiek terugrapporteer word oor die klub se werksaamhede gedurende die afgelope jaar sowel as oor die beplande aktiwiteite vir die komende jaar.
- 1.2 '**klub**'- die Tafelberg Fotografieklub en al sy lede

[Sanlam affiliasie uitgehaal]

Artikel 2. Doelstelling

Die *klub* se hoofdoel is die bevordering van fotografie as 'n stokperdjie, tydverdryf of beroep in die algemeen. Dit behels die vestiging en bedryf van 'n omgewing en aktiwiteite waarbinne klublede kan groei en kan ontwikkel in al die fasette van fotografie beide as 'n wetenskap en as 'n kuns.

Artikel 3. Waardes van die klub

- 3.1 Die *klub* is verbind tot professionele gedrag en etiese standaarde in al sy optredes.
- 3.2 Die *klub* diskrimineer nie teen enige persoon nie.
- 3.3 Die *klub* beskou sy lede as sy belangrikste bate.
- 3.4 Die *klub* is verbind daartoe om sy aktiwiteite te bedryf in 'n aangename, ontspanne omgewing waarin elkeen hulself kan wees en hulself in fotografie kan uitleef.
- 3.5 Die *klub* is verbind daartoe om 'n kultuur te handhaaf van eensgesindheid onder klublede, waar geen klublid 'n ander sal afkraak of daarvoor verantwoordelik sal wees dat klublede onderling verdeeld raak oor persoonlike voorkeure of deur ondermynende gedrag nie.
- 3.6 Die *klub* is verbind tot 'n kultuur van goeie gesindheid, respek, integriteit, omgee en ondersteuning onder klublede, begrip vir ander lede se unieke omstandighede en fotografiese en finansiële vermoëns. Indien kritiek van enige aard uitgespreek word, moet dit opbouende kritiek wees anders moet kritiek weerhou word.
- 3.7 Geen onbehoorlike of onweloweglike optrede van enige aard deur enige klublid sal geduld of aanvaar word nie en klublede wat hulself hieraan skuldig maak se lidmaatskap sal deur die bestuur heroorweeg word en mag aanleiding gee tot die lid se tydelike skorsing of die beëindiging van sy lidmaatskap. (sien ook Artikels 8.6 en 12.1.11)
- 3.8 Die *klub* is verbind om te lei met moed en te dien met trots.
- 3.9 Die *klub* beskou hoë etiese standaarde as nie-onderhandelbaar.

Artikel 4. Taal

[Taal omskrywing uitgehaal]

HOOFSTUK TWEE : LIDMAATSKAP

Artikel 5. Omvang van lidmaatskap

- 5.1 Slegs 'n natuurlike persoon mag lid van die klub wees.
- 5.2 Die aantal lede van die klub is onbeperk.
- 5.3 Lidmaatskap van die klub en die regte verbonde daaraan is nie oordraagbaar nie.

Artikel 6. Toelating tot lidmaatskap

- 6.1 Die bestuur kan 'n persoon wat aan die volgende vereistes voldoen as lid van die klub toelaat in 'n lidmaatskapkategorie soos vervat in Artikel 7:
 - 6.1.1 die doelstelling en waardes van die klub onderskryf;
 - 6.1.2 'n aansoekvorm soos voorgeskryf deur die bestuur volledig ingevul en onderteken het;
 - 6.1.3 eenmalige aansluitingsfooie en ledegelde betaal het soos vervat in Artikel 8;
- 6.2 'n Lid se lidmaatskap dateer vanaf die dag waarop bestuur sy/haar eerste ledegeld ontvang het na voldoening aan Artikel 6.1.
- 6.3 Die bestuur hou 'n lederegister instand van alle lede.

Artikel 7. Kategorieë van lidmaatskap

- 7.1 Lidmaatskap aan die klub bestaan uit die volgende kategorieë:
 - 7.1.1 **Gewone lede** – lede wat nie in enige van die ander lidmaatskapkategorieë val nie;
 - 7.1.2 **Gesinslede** – direkte afhanklike lede van 'n gesin waarvan die hoofgesinslid 'n gewone lid of pensioenaris lid of 'n erelid is.
 - 7.1.2.1. [Paragraaf oor Aktiewe gesinslede uitgehaal]
 - 7.1.2.2. [Paragraaf oor Nie-aktiewe gesinslede uitgehaal]
 - 7.1.3 **Jeuglede** – lede tot en met die ouderdom van 21 jaar en wat nie 'n gesinslid is nie;
 - 7.1.4 **Pensioenarisse** – lede wat 60 jaar of ouer is;
 - 7.1.5 **Ere-lewenslede** – huidige of voormalige lede wat deur die bestuur as 'n ere-lewenslid aangewys word vir uitstaande of besonderse diens gelewer aan die klub;
 - 7.1.6 **Erelede** – individue wat nie deel is of was van die klub nie maar wat deur die bestuur as 'n erelid aangewys word vir voortreflike diens gelewer aan die klub;
 - 7.1.7 **Gaste** – die nie-aktiewe gesinslede van enige lid mag al die klub se funksies en aktiwiteite as gaste bywoon maar mag nie aan enige van die klub se kompetisies, uitstallings of vergaderings deelneem nie.

Artikel 8. Beëindiging van lidmaatskap

'n Persoon hou op om 'n lid van die klub te wees:

- 8.1 wanneer sy ledegeld vir langer as sestig (60) dae na die betaaldatum onbetaald is, tensy aanvaarbare reëlings vooraf met die bestuur getref is;
- 8.2 aan die einde van die kalendermaand wat volg op die kalendermaand waartydens die lid skriftelik by die bestuur bedank het;
- 8.3 sodra sy lidmaatskap nie meer aan die lidmaatskapvereistes voldoen nie en/of volgens hierdie konstitusie tot 'n einde kom;
- 8.4 Indien 'n persoon se lidmaatskap in terme van Artikels 3.7 en 12.1.11 deur bestuur beindig is;
- 8.5 Indien 'n persoon tot sterwe sou kom.
- 8.6 Lede wie se lidmaatskap tydelik of permanent deur bestuur beindig is, is geregtig om skriftelik teen die besluit te appeleer. Bestuur moet sodanige appelle na 'n paneel van 2 voormalige voorsitters en/of senior lede van die klub verwys vir oorweging en vir 'n aanbeveling daarvoor aan bestuur.
- 8.7 Die paneel in Artikel 8.6 sal deur 2 senior bestuurslede aangewys word wat nie persoonlik deur die oorspronklike klagte geraak is nie.

Artikel 9. Ledegeld

- 9.1 Elke lid betaal ledegeld op die wyse en tot die bedrag wat die bestuur van tyd tot tyd bepaal.
- 9.2 'n Lid wat ophou om 'n lid van die klub te wees, is nie geregtig op terugbetaling van vooruitbetaalde ledegeld nie.

Artikel 10. Bevoegdhede van lede

- 10.1 Alle lede, behalwe gaste en nie-aktiewe gesinslede, werk mee en neem deel aan die klub se bedrywighede en aktiwiteite en is geregtig:
 - 10.1.1 om op georganiseerde wyse aan die klub se fotografiese aktiwiteite en kompetisies deel te neem;
 - 10.1.2 om as lede hul stemreg binne die klub uit te oefen;
 - 10.1.3 om die klub se kommunikasie en nuusbriëf te ontvang;
 - 10.1.4 om te deel in alle voordele wat ooreenkomstig besluite van die bestuur van tyd tot tyd aan lede toeval;
 - 10.1.5 om enige algemene vergadering van die klub by te woon en daarop te stem;
- 10.2 Gaste en Nie-aktiewe gesinslede kan die hoofgesinslid vergesél na die klub se aktiwiteite, maar het geen stemreg nie en mag ook nie aan die klub se fotografiese kompetisies of uitstallings deelneem nie.
- 10.3 Geen lid het bloot uit hoofde van sy lidmaatskap die bevoegdheid om namens die klub op te tree of die klub op enige wyse te verbind of te verteenwoordig nie.

HOOFSTUK DRIE : BEHEER EN BESTUUR

Artikel 11. Samestelling en verkiesing van die bestuur

- 11.1 Die bestuur bestaan uit:
 - 11.1.1 'n Voorsitter;
 - 11.1.2 'n Onder Voorsitter;
 - 11.1.3 'n Tesourier;

- 11.1.4 'n Sekretaris / Sekretaesse;
- 11.1.5 minstens drie (3) en hoogstens vyf (5) addisionele lede
- 11.2 Die bestuur word jaarliks in die 4de kwartaal genomineer, sekondeer en tydens 'n spesiale algemene vergadering deur stemgeregtigde lede van die klub verkies.
- 11.3 Die voorsitter word tydens die jaarlikse bestuursverkiesing deur stemgeregtigde lede genomineer, sekondeer en verkies.
- 11.4 Die bestuur wys uit eie geledere 'n onder voorsitter, tesourier en sekretaris aan.
- 11.5 Die bestuur mag enige vakature, behalwe dié van voorsitter, wat gedurende die jaar vakant raak met koöptering vul tot met die eersvolgende jaarlikse bestuursverkiesing. Indien die voorsittersvakature vakant raak moet stemgeregtigde lede binne 2 maande na sodanige datum 'n nuwe voorsitter nomineer, sekondeer en tydens 'n spesiale algemene ledevergadering verkies.
- 11.6 Die voorsitter van die klub tree op as voorsitter van die vergadering tydens gewone-, algemene- en bestuursvergaderings. Indien die voorsitter nie in staat is om die stoel in te neem nie of indien die saak ter tafel die voorsitter se persoon raak, sal die voorsitterstoel tydelik deur 'n ander aangewysde bestuurslid ingeneem word tot die voorsitter weer in staat is om die stoel in te neem. Sodanige aanwysing vind met 'n meerderheidstem van die betrokke vergadering plaas.
- 11.7 Indien die voorsitter van die klub tydelik vir welke rede ookal onbeskikbaar is om die voorsitterstaak te verrig, kan die bestuur tydelik 'n waarnemende voorsitter uit eie geledere aanwys tot die voorsitter weer beskikbaar is. Die bestuur moet die klublede van sodanige reëling ingelig hou.
- 11.8 Lede wat vir die bestuur genomineer is:
- 11.8.1 moet die nominasie aanvaar deur die volledig ingevulde nominasievorm te onderteken;
- 11.8.2 moet die klub se konstitusie ten volle onderskryf;
- 11.8.3 se ledegelde moet ten volle betaal wees voordat hulle tot die bestuur verkies kan word;
- 11.8.4 moet teenwoordig wees tydens die verkiesing, tensy vooraf skriftelik verskoning by die Sekretaris aangeteken is;
- 11.9 Die bestuur mag ook lede vir die bestuur nomineer.
- 11.10 Bestuurslede mag herkies word, maar mag nie vir langer as vyf (5) jaar agtereenvolgens in dieselfde pos dien nie, met dien verstande dat geen lid langer as sewe (7) jaar agtereenvolgens in totaal op die bestuur mag dien nie.

Artikel 12. Bevoegdhede van die bestuur

- 12.1 Die bestuur sal in die naam van die klub:
- 12.1.1 alle beheer hê oor al die klub se fondse, belange en aktiwiteite;
- 12.1.2 jaarliks 'n finansiële begroting vasstel wat ten minste die voorgestelde ledegelde, asook die beoogde bedryfs en kapitaal uitgawes vir die komende jaar moet insluit vir voorlegging aan die algemene jaarvergadering;
- 12.1.3 'n ledelys opstel en op datum hou met relevante inligting oor die klub se lede;
- 12.1.4 gelde van die klub tot voordeel van die klub en al sy lede ontvang, administreer en aanwend;
- 12.1.5 bank en beleggings rekeninge in die naam van die klub open en bestuur en fondse op verantwoordelike manier bestuur;
- 12.1.6 die gesag hê om roerende eiendom met die nodige bewyse en bekragtiging van alle gemagtigde

-
- lede van die bestuur te koop, verkoop, verhuur, huur, ruil of oordra by wyse van donasies of enige ander manier. (sien ook Artikel 13.7.2)
- 12.1.7 [paragraaf aangaande onroerende eiendom uitgehaal]
- 12.1.8 die gesag hê om bedryfs en kapitaal uitgawes aan te gaan tot 120 % van die bedrae soos uiteengesit in die jaarlikse finansiële begroting. Groter uitgawes asook nie-begrote uitgawes moet deur lede goedgekeur word.
- 12.1.9 die gesag hê om kontrakte te teken in die naam van die klub en om sake in die belang van die klub te verdedig en in regsdinge in die belang van die klub op te tree en die klub se belange te beskerm;
- 12.1.10 die reg hê om algemene dokumentasie in die belang van die klub te onderteken;
- 12.1.11 die mag hê om die lidmaatskap van enige klublid op te hef, te skors of te herstel in die geval waar die klub se konstitusie en reëls oortree word of enige gedrag wat die klub se naam skade berokken. Die betrokke klublid sal skriftelike van bestuur se gemotiveerde besluit in die verband in kennis gestel word. (sien ook Artikel 8.6) 'n Klublid wie se lidmaatskap op enige manier tydelik of permanent opgehef is, het geen aanspraak op enige fondse of eiendom van die klub nie en geen eise kan teen die klub ingestel word nie, ook nie vir die terugbetaling van enige vooruitbetaalde of reeds betaalde ledegedelde nie.
- ..
- 12.1.12 die gesag hê om 'n Spesiale Algemene Vergadering byeen te roep
- 12.1.13 die gesag hê om komitees van tyd tot tyd saam te stel en van sy take met die nodige magte aan sodanige komitees te deleger vir uitvoering. Sodanige komitees kan ook een-man komitees insluit en komitees moet op 'n gereelde grondslag terugvoer gee aan die bestuur. Die bestuur het die reg om die voorsitter van sodanige komitees aan te wys en by gebrek aan die opneem van hierdie reg kies die komitees uit eie geledere 'n voorsitter. Komitees wys uit eie geledere 'n sekretaris aan.
- 12.1.14 regulasies mag vorm/skrap en omskep ter ondersteuning van die bestaande konstitusie met goedkeuring van die meerderheid van die klublede
- 12.1.15 goedkeuring mag verleen aan enige fotografiëkompetisie en -uitstalling wat in die klub se naam gehou word
- 12.1.16 goedkeuring mag verleen aan die deelname deur die klub aan enige streeks, provinsiale of nasionale fotografiëkompetisie, uitstalling of besprekingsforum.
- 12.1.17 goedkeuring mag verleen aan lede van ander fotografiëklubs of donateurs om aan die klub se funksies of aktiwiteite deel te neem.
- 12.1.18 kan besluit oor die frekwensie, formaat en pryse wat tydens kompetisies en vir algemene prestasie aan en deur klublede toegeken word.
- 12.1.19 jaarliks 'n voorsitters- en finansiële verslag aan die klublede beskikbaar stel tydens die Algemene Jaarvergadering.

Artikel 13. Bestuur van fondse en bates

- 13.1 Die finansiële jaareinde van die klub is 31 Desember.
- 13.2 Enige toerusting wat deur die klub aangekoop of aan die klub geskenk word, sal die eiendom van die klub bly en deur die klub se bestuur administreer word in 'n bateregister.
- 13.3 Wisseltrofees wat aan klublede toegeken word, bly die eiendom van die klub en moet aan die einde van die toekenningsperiode (een jaar) aan die klub terugbesorg word. Indien sodanige lede bedank tydens die jaar, moet die betrokke wisseltrofee by bedanking terugbesorg word.

13.4 Die fondse van die klub sal as 'n krediet in die klub se bankrekening (e) inbetaal word. Alle oortollige

fondse wat nie gedurende 'n bepaalde jaar benodig gaan word nie mag tot voordeel van die klub bele word. Fondse sal uitsluitlik tot voordeel van die klub en sy lede gebruik word en om fotografie binne die klub te bevorder. Die klub is 'n nie-winsgewende organisasie.

13.5 Alle betalings deur die klub wat die limiet oorskry wat die bestuur van jaar tot jaar bepaal, moet deur die bestuur goedgekeur word. Onttrekkings en betalings uit bankrekening (e) moet gemagtig word deur twee van die bestuurslede van wie die voorsitter of die tesourier een moet wees.

13.6 'n Staat van inkomste en uitgawes moet deurlopend deur die tesourier op datum gehou word en bestuur mag versoek dat dit jaarliks deur 'n onafhanklike party of 'n ander bestuurslid nagegaan word.

13.7 Die bestuur sal **nie**:

13.7.1 op enige tyd of datum namens die klub die beskikbare kontant of beleggings oorskry deur uitgawes of onttrekkings nie;

13.7.2 die klub se toerusting of ander roerende eiendom verpand, weggee, verkoop of op enige ander manier vervreem wat tot 'n wesenlike nadeel vir die klub sal wees nie. (sien ook Artikel 12.1.6).

13.7.3 [Paragraaf oor onroerende eiendom uitgehaal]

13.8 Sou dit gebeur dat die klub beëindig word deur 'n besluit van 'n spesiale algemene ledevergadering, sal die lede ook moet stem oor wat met die bates van die klub (wat oorbly nadat alle verpligtinge nagekom is) moet gebeur. Die primêre doel moet wees om enige bates wat nog mag bestaan in die Wes-Kaapse omgewing tot voordeel van organisasies met soortgelyke doelstellings as die klub aan te wend maw. Dus organisasies wat hul beywer om fotografe te ondersteun en ontwikkel of om fotografie in die algemeen te bevorder. (sien ook Artikel 15.2).

13.9 Die klub se bates mag onder geen omstandighede onder huidige of voormalige klublede verdeel word nie.

Artikel 14. Vergaderings en byeenkomste

14.1 Ledevergaderings en byeenkomste:

- 14.1.1 Gewone vergaderings en byeenkomste sal op tye en plekke plaasvind soos van tyd tot tyd deur bestuur bepaal is.
- 14.1.2 Die algemene jaarvergadering (AJV) vind jaarliks binne drie (3) maande van die einde van die vorige finansiële jaar plaas. Behoorlike kennisgewing moet ten minste een en twintig (21) dae vóór die vergadering skriftelik, wat elektroniese pos insluit, aan lede deurgegee word. Sodanige kennisgewing moet ten minste die sakelys, jaarverslag, finansiële state en 'n finansiële begroting vir die komende jaar sowel as inligting t.o.v. spesiale besluite, indien van toepassing, insluit. Indien omstandighede buite die beheer van die klub die bywoning deur lede van sodanige vergadering binne die voorgeskrewe periode onmoontlik maak, mag bestuur dit met die lede se goedkeuring na 'n elektroniese formaat omskakel of die vergadering uitstel tot die eerste beskikbare datum waarop so 'n vergadering wel gehou kan word..
- 14.1.3 Indien 'n spesiale algemene vergadering deur lede versoek word, sal bestuur sodanige vergadering byeengeroep binne een en twintig (21) dae van die eerste maandelikse byeenkoms wat volg op die ontvangs van 'n geskrewe versoek vir so 'n vergadering wat duidelik die rede vir die vergadering aandui. Die betrokke versoek moet deur ten minste drie (3) lede onderteken word. Die bestuur bepaal die plek en tyd van die vergadering en stuur die kennisgewing, rede en sakelys van sodanige vergadering ten minste veertien (14) dae vóór die vergadering aan alle lede.
- 14.1.4 Die jaarlikse verkiesing van die bestuur vind tydens 'n spesiale algemene vergadering in die 4de kwartaal plaas. Nominasies vir bestuurslede moet ten minste een en twintig dae vóór die vergadering ingedien wees om saam met die sakelys aan lede uitgestuur te word.
- 14.1.5 Twintig (20%) persent van die dan stemgeregtigde lede vorm 'n kworum vir algemene jaarvergaderings of spesiale algemene vergaderings. By afwesigheid van 'n kworum, verdaag die vergadering en word 'n nuwe vergaderingsdatum bepaal met ten minste veertien (14) dae vooraf kennisgewing waarna die vergadering sal plaasvind met of sonder 'n kworum. [**As alternatief oplossing** word die vergadering vir 60 minute verdaag waarna die vergadering voortgaan met of sonder 'n kworum]
- 14.1.6 Stemming tydens algemene vergaderings word deur middel van die opsteek van hande bepaal tensy enige lid teenwoordig versoek dat dit per geslote stembrief plaasvind in welke geval die voorsitter die wyse daarvan bepaal.
- 14.1.7 Lede kan ook per volmag stem en sodanige stembrief kan by die bestuur aangevra word en moet ten minste een (1) dag voor die betrokke vergadering skriftelik by die Sekretaris ingedien word. Die Sekretaris sal toesien dat die volmagstemme bygereken word met die stemming uitgebring op die betrokke vergadering.
- 14.1.8 'n Meerderheid stem van die lede teenwoordig in persoon of per volmag (waarvan bestuur die geldigheid nagegaan het) sal seëvier vir gewone besluite (sien ook Artikel 15).
- 14.1.9 Alle stemgeregtigde lede het 'n gelyke stem behalwe in die geval van 'n staking van stemme in welke geval die dienende voorsitter van die vergadering die beslissende stem sal hê.

14.2 Bestuursvergaderings:

- 14.2.1 Bestuursvergaderings sal ten minste een maal per kwartaal plaasvind. Addisionele vergaderings kan op versoek van die voorsitter gehou word. Die voorsitter mag lede van komitees of ander vakkundige spesialiste uitnooi om bestuursvergaderings by te woon en aan die besprekings deel te neem.
- 14.2.2 'n Spesiale bestuursvergadering sal gehou word op versoek van ten minste drie (3) bestuurslede wat die rede vir die vergadering duidelik op 'n skriftelike versoek aan die Sekretaris deurgee. Die datum en plek van so 'n vergadering word deur die voorsitter bepaal en moet binne een en twintig (21) dae na ontvangs van sodanige versoek plaasvind. Kennisgewing van sodanige vergadering vergesél met rede en sakelys moet ten minste sewe (7) dae vóór die vergadering aan alle bestuurslede deurgegee word.
- 14.2.3 Enige bestuurslid wat van drie (3) bestuursvergaderings agtereenvolgens sonder verlof afwesig was, sal van sy/haar bestuursplig onthef word.

- 14.2.4 Die helfte plus een van die dan dienende bestuurslede vorm 'n kworum. In die afwesigheid van 'n kworum moet besluite tydens die vergadering geneem by die eersvolgende bestuursvergadering bekragtig word.
-
- 14.2.5 Bestuursbesluite kan ook dmv. ronds krywes geneem word en getekende of elektroniese goedkeuring sal bindend wees. Sodanige besluite sal by die eersvolgende bestuursvergadering ter tafel gelê word vir notulering.
- 14.2.6 Stemming tydens bestuursvergaderings word deur middel van die opsteek van hande bepaal tensy enige bestuurslid teenwoordig versoek dat dit per geslote stembrief plaasvind in welke geval die voorsitter die wyse daarvan bepaal.
- 14.2.7 Alle bestuurslede het 'n gelyke stem behalwe in die geval van 'n staking van stemme in welke geval die dienende voorsitter van die vergadering die beslissende stem sal hê.
- 14.3 Notules sal van alle bestuurs-, algemene en komiteevergaderings geneem word en binne redelike tydsverloop aan lede van die vergadering versprei word. Notules van komiteevergaderings moet aan die bestuur van die klub gestuur word. Die besluite van komitees is afhanklik van bekragtiging van die bestuur by hul eersvolgende vergadering.
- 14.4 Veertien (14) dae kennisgewing is nodig om 'n besluit wat tydens 'n bestuursvergadering geneem, bekragtig is en notuleer is te herroep, tensy die aangeleentheid so ernstig is dat twee derdes van die lede teenwoordig dit nodig ag om 'n Spesiale Algemene Vergadering te hou vir oorweging.

Artikel 15. Spesiale besluite

- 15.1 Wysiging aan die konstitusie vereis 'n vyf en sewentig (75%) persent meerderheid stemme van stemgeregtigde lede teenwoordig in persoon of per volmag om te seëvier tydens 'n Spesiale Algemene Vergadering of Algemene Jaarvergadering. Wysigings aan die konstitusie kan deur die bestuur of deur minstens vyf (5) lede versoek word, waarna die bestuur die wysigings sal voorberei vir voorlegging as 'n spesiale besluit.
- 15.2 Die klub mag beëindig word indien so 'n resoluëie deur die lede van die klub voorgestel word en slaag met 'n meerderheid van vyf en sewentig (75%) persent stemme van al die stemgeregtigde lede teenwoordig in persoon of per volmag tydens 'n Spesiale Algemene Vergadering wat spesifiek aangevra is vir daardie doel (sien ook Artikel 13.8).

Artikel 16. Kompetisies

- 16.1 Die aktiwiteite van die klub sluit klub fotografie-kompetisies in en punte verwerf deur deelname hieraan word saam met punte verwerf deur deelname aan die Nasionale en Internasionale Salon kompetisies gebruik om lede volgens hul fotografie prestasies te gradeer. Die beskrywing van die klub se kompetisie mediums, kategorieë en kompetisie punte asook die verwerwing van Salonpunte en punte wat gebruik word vir die fotograaf-gradering van lede word in 'n aparte Addendum beskryf.